Algemene inligting, voorwaardes, Reëls en Regulasies vir Uitstallers

Ligging:
Terrein GPS Koördinate: S 24º42'55.51"O 28º26'41.25"

Baie dankie vir u ondersteuning en bydrae om die Kranskopfees 2017 nog beter as ooit te vore te maak**. Soos in die verlede is die kanse goed dat dit gaan reën tydens die fees, dus wees asb. voorbereid vir ruk winde, en bring asb sambrele, waterskoene en plastiek sakke om kragpunte toe te maak ens. saam.**

Sluitingsdatums:

- Aansoeke sluit op 30 November 2016.
- Geen laat of onbetaalde of onvolledige aansoeke sal goedgekeur word nie. Ons gaan hierdie jaar baie streng volgens hierdie reël werk!!!!

Betalings:
Nadat stalletjie goedgekeur is MOET 50% DEPOSITO betaal word binne 7 dae om u staanplek te verseker. DIE RES IS BETAALBAAR VOOR DIE 30STE NOVEMBER 2016!!!

Keurings prosedure en plasings:

- Suksesvolle aansoekers sal vanaf aansoekdatum binne twee weke in kennis gestel word of hul goedgekeur is.
- Geen uitstaller sal sonder goedkeuring op die feesterrein toegelaat of aanvaar word nie.
- Alle uitstaande gelde moet teen 30 November 2016 betaal wees. Ons gaan hierdie jaar nie weer laat besprekings en betalings aanvaar nie. As die gelde nie betaal is teen sperdatum nie, gaan u die deposito en staanplek verloor!!!
- Geen stalletjie word toegelaat om van plek te wissel of met 'n ander stalletjie uit te ruil sonder toestemming nie.
- Geen onderverhurings van Stalletjies word toegelaat nie.

Organiseerders behou die reg om produkte wat nie op die aansoekvorm gespesifiseer en goedgekeur is nie te verwyder.

- GEEN koeldrank, koffie , water en sigarette mag by u stalletjie(s) verkoop word nie.
- KANSELLASIE: As u voor 30 Oktober 2015 kanselleer, sal 10% teruggehou word vir kostes. Geen terugbetalings sal gedoen word na 30 Oktober 2015 nie.
- U VAN EN STALLETJIE NOMMER MOET OP DIE DEPOSITOSTROKIE / BEWYS VAN BETALING VERSKYN EN MOET GE-POS WORD NA : stalletjies@kranskopdruiwefees.co.za of GEFAKS word na 086 556 2207.

- WAAR GEEN STALLETJIE NO. VERWYSING VERSKYN NIE, SAL DIE ORGANISEERDERS NIE AANSPREEKLIK WEES VIR DIE NIE-TOEKENNING OF DIE TOEKENNING VAN 'N ANDER STALLETJIE OF VIR ENIGE SKADE WAT DIE UITSTALLER MAG LY NIE.
- DRINGEND: 'n Duidelike ID – afskrif van die hoofuitstaller en ID.no. van die name van persone wat u stalletjie kom beman moet binne 7 dae na toekenning en bevestiging van stalletjies ge-epos of gefaks word na die bogenoemde adres. Ons probeer soveel administrasie as moontlik afhandel om registrasie met die fees te bespoedig.

HANDELSTALLETJIES:

Registrasie WOENSDAG 4 JANUARIE 2017 vanaf 09h00 – 17h00 by (DIENSHEK) en stalletjies kan dan opgeslaan word, om 'n opeenhoping van uitstallers die Donderdag oggend te voorkom.

GEEN KRAG TOT EN MET DONDERDAG 5 JANUARIE 2017 OM 12H00!!!!!!!

KRAG SAL BESKIKBAAR WEES VANAF DONDERDAG 7 JANUARIE 2016 VANAF 12HOO.

KOSSTALLETJIES:

Registrasie DONDERDAG 5 JANUARIE 2017 vanaf 08h00 – 14H00.

Die volgende word benodig op die dag van registrasie om die proses so spoedig as moontlik te laat verloop:

- Registrasie nommer van u afleweringsvoertuig wat by die terrein ingelaat moet word.
- 'n Selfoonnommer van die verantwoordelike persoon van die afleweringsvoertuig.
- Jou STALLETJIE NOMMER
- Organisasies soos kerke, skole en welsynsorganisasies se kontakpersoon registreer en is self verantwoordelik vir die uitdeel van die groep se toegangskaartjies.

Kerke, skole, Kansa, Tehuise en Welsynorganisasies kry slegs 10 kaartjies.

Indien enige ekstra kaartjies benodig word, kan dit by die Hoofhek aangekoop word.

ALLE VOERTUIE MOET DONDERDAG OM 14H00 UIT DIE FEES TERREIN WEES. UITSTALLERS PARKERING IS BESKIKBAAR. DIE HEKKE OPEN EN FEESGANGERS KAN RAAKGERY WORD AS DIE VOERTUIE DAN EERS VERSKUIF WORD.

Die hekke open vir die publiek:

Donderdag 16h00

Vrydag 09h00

Saterdag 07h15

Alle uitstallers moet handel kan dryf vanaf die opening van hekke tot ten minste 22h00.

Geen uitstaller mag voor SATERDAG OM 22H00 sonder skriftelike toestemming van die organiseerders hul stalletjies opruim en ontruim nie.
Uitstallers wat buite die terrein slaap kan vanaf 06h45 in die oggend deur die hekke kom.
Daar is storte op die terrein beskikbaar vir die gebruik van die uitstallers.

- GEEN oop vure word toegelaat nie, slegs gasbraaiers.
- Uitstallers is self verantwoordelik vir hul eie reis- en verblyfreëlings. Vir hulp in die verband kan 'n epos gestuur word na stalletjies@kranskopdruiwefees.co.za
- Alhoewel daar sekuriteit op die terrein is, is elke uitstaller verantwoordelik vir sy/haar eie stalletjie se veiligheid. 'n Vrywaringsvorm moet geteken word met Registrasie.
- GEEN TROETELDIERE WORD VANAF 2016 TOEGELAAT NIE!!! ONS GAAN U ONGELUKKIG MOET VRA OM DIE PERSEEL TE VERLAAT EN DIE DIERE BY 'N KENNELS IN TE SIT.
- Elke stalletjies is verantwoordelik vir sy eie stoele, tafels, afdakke ens.
- Elke stalletjie moet asb sy eie brandblusser voorsien en voorsiening maak vir verkoelingstoerusting vir bederfbare produkte.
- Die kosstalletjies moet kennis neem dat die Munisipaliteit 'n gesondheidsinspeksie gaan doen.

Kragpunte:

Elke uitstaller moet sy eie krag verleng koord bring om krag van die kragboks af te kan kry. Elke stalletjie het sy eie kragprop in die kragboks wat tussen 4-8 stalletjies voorsien van krag.

Kontak persoon:

Diana Pienaar

Tel. 076 836 4680 Faks: 086 556 2207

stalletjies@kranskopdruiwefees.co.za

U vorm is volledig indien die volgende aangeheg is:

Volle betaling – bewys van betaling

Afskrif van ID dokument en name van u bemanning.

Foto's van u produkte.

Geskiktheidssertifikaat (kosstalletjies)

Aansoekvorm volledig ingevul